Dinsdag 18 Augustus

Skrifgedeelte: Lukas 21:7–19 (AFR83/AFR2020)

Fokusgedeelte: Lukas 21:19

## Volharding op die pad na redding

*"Deur julle volharding moet julle julleself red."* Hierdie vers kan baie maklik verkeerd verstaan word. So asof redding van jouself en jou eie pogings afhang. Jy kan ook verder benoud en bekommerd raak as jy hoor dat die dinge waarvan die Here Jesus hier praat, boonop duidelike tekens van die naderende eindtyd is. Dan ontstaan die vraag: Sal ek en jy ons kan verdedig of beskerm? Vers 19 sê in immers duidelik: *Ons moet onsself red …*

Die wêreld waarin ons tans leef, is vol van die dinge waarvan die Here Jesus praat: nasies wat teen mekaar optrek, hewige aardbewings, hongersnood en epidemies. En dan word dit selfs nog meer persoonlik: "… *hulle sal julle gevange neem en vervolg. Hulle sal julle oorlewer vir verhoor in die sinagoges en julle opsluit in gevangenisse; hulle sal julle voor konings en goewerneurs bring ter wille van my Naam.*"

Hoe moet ons hierdie aanslae en swaarkry hanteer? Hoe moet jy jouself red?

Die Here Jesus sê in vers 13: *"Dit sal vir julle 'n geleentheid wees om vir My te getuig."* Al hierdie aanslae en swaarkry kan sekerlik met die woord *beproewinge* beskryf word. Dit is dinge wat die Here, veral in die laaste dae, laat gebeur om duidelik onderskeid te maak tussen ware en vals geloof. Teenoor die goddelose se wanhoop is die ware gelowige in staat om te volhard. Hy is ook in staat om tydens beskuldigings met wysheid te antwoord: "… *Ek sal vir julle die woorde en die wysheid gee wat deur geeneen van julle teenstaanders teengespreek of weerlê kan word nie*" (vs 15). En: "… *daar sal selfs nie eers 'n haar van julle kop af val nie*" (vs 18).

Toegewyde volgelinge van ons Here Jesus Christus sal volhard. Nee, nie uit eie krag nie – wel deur die krag van die Heilige Gees.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1–6*

*Dr. DJ (Danie) de Kock (Emeritus)*